higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5

22 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 I
1.2 G
1.3 N
1.4 H
1.5 L
1.6 D
1.7 B
1.8 C
1.9 O
1.10 K
1.11 E
1.12 F
1.13 A
1.14 J
1.15 M

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Waar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Onwaar
2.6 Waar
2.7 Onwaar
2.8 Waar
2.9 Waar
2.10 Waar

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

3.1
- Gaan die toerusting vir moontlike gevare na.
- Die oppervlakke onder die toerusting moet sag en dik wees om die impak van 'n kind se val te stuit.
- Die speelterrein moet vry van enige staande water wees.
- Daar mag geen gebreekte glas of gedraaide metaal op die grond rondlê nie.
- Die metaaltoerusting mag nie geroes wees nie.
- Die speelterrein moet behoorlik omhein wees en die hekke moet kan sluit.
- Daar mag geen giftige plante of dorings in die omtrek wees nie.
- Die sandputte moet oornag bedek word.
- Daar moet speelplekke in die skaduwee en in die son beskikbaar wees.
- Die toerusting moet op gelyke grond wees en ver genoeg van mekaar gespasieer word.
- Daar moet te alle tye toesig oor die speelterrein gehou word. (10 × 1) (10)

3.2
- Helder en kleurvol en moet werklike, alledaagse voorwerpe uitbeeld
- Eenvoudig en duidelik
- Moet gereeld verander word
- Moet met plastiek bedek word
- Moet op ooghoogte geplaas word (5)

3.3
- Daar moet te alle tye 'n volledige noodhulpstel in die siekekamer beskikbaar wees.
- Die noodhulpkas moet gesluit word, maar die sleutel moet maklik deur die educarer gekry kan word.
- Voorrade moet gereeld aangevul en verouderde medikasie moet weggegooi word.
- Hou medisyne vir interne gebruik apart van dié wat vir eksterne gebruik vereis word.
- Rangskik die voorraad in die kas op so 'n manier dat dit maklik bereik kan word. (5)

3.4
- Groot pennetjiesborde
- Groot krale of garingtolletjies vir rygwerk
- Eenvoudige legkaarte (6–12 stukke)
- Stapelspeelgoed
- Kapborde (met 'n speelgoedhamer)
- Vormsorteerders (5)

3.5
- Seepborrels gemaak van vloeibare seep
- Speeldeeg
- Gaar spaghetti
- Modderkoekies
- Vinger- of handverfwerk (5 × 2) (10)

3.6
- Hy gaan deur sy eie optrede van die wêreld om hom leer.
- Hy gaan van die kenmerke van voorwerpe leer en hoe dit saamwerk.
- Hy gaan leer om dieselfde voorwerp op verskillende maniere te gebruik.
- Hy gaan van ooreenkomste en verskille, vorms, groottes en kleur leer.
- Namate hy op sy eie dinge ontdek, gaan hy leer om probleme op te los.
- Namate die leerproses ontwikkel, gaan sy ontdekkingsaktiwiteite toenemend opwindend word. (Enige 5 × 2) (10)

3.7
- Prys en moedig die kind aan.
- Praat tydens die aktiwiteit met hom en stel vrae om hom te help om by 'n oplossing uit te kom.
- Demonstreer die oplossing as hy dit nie self kan kry nie.
- Wees geduldig en bly kalm.
- Moet hom nie aanjaag nie; gee hom genoeg tyd om die aktiwiteit te doen. (5)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1
- Bywoningsregister
- Dagboek/Logboek
- Kontrolelyste
- Daaglikse verslae (4)

4.2 4.2.1
- Die leeshoekie moet op 'n stil plekkie van die dagsorgsentrum ingerig word.
- Die boekrakke moet op die kinders se ooghoogte wees.
- Daar moet 'n aanloklike boekuitstalling wees.
- Geen geskeurde of beskadigde boeke behoort vertoon te word nie.
- Daarmoet 'n sagte mat met kussings, waarop die kinders kan sit, op die vloer wees.
- Die leeshoekie moenie te groot wees nie aangesien die kinders dan nie gaan rondbeweeg nie.
- Daar kan plakkate en prente van die tema in die leeshoekie opgesit word.
- Die boeke moet gereeld gewissel word.
- Die boeke wat tydens storietyd gebruik is, moet in die leeshoekie vertoon word.
- Moenie te veel boeke op 'n slag uitstal nie.

4.2.2
- Vertel die storie met entoesiasme.
- Praat hard en duidelik.
- Behou oogkontak met die kinders.
- Wissel jou stemtoon af; praat sagter, dan harder of vinniger of stadiger, na gelang van die storie.
- Hou die storie aan die gang.
- Gebruik die direkte rede wanneer die karakter in die storie praat.
- Gebruik storiehulpmiddels terwyl jy die storie vertel of voorlees.
- Laat die kinders eenvoudige frases of woorde herhaal.
- Moenie die gebare oordoen nie.
- Vertel die storie klaar. Moenie dat die kinders tot die volgende dag wag voordat jy dit klaarvertel of -lees nie.
- As jy opmerk dat die kinders rusteloos en belangeloos begin word, verkort die storie en beëindig dit so gou moontlik.

(Enige 10 × 2) (20)

4.3
- Leer getalle vir kinders met behulp van rympies en liedjies.
- Laat die kinders pare, soos hul skoene, identifiseer.
- Laat hulle dinge in die klaskamer tel, soos die aantal vensters.
- Speel getallespeletjies met hulle. Die fasiliteerder kan byvoorbeeld 'n getal uitskree en die kinders moet dan na die regte getal hardloop wat teen die muur opgesit is.
- Moedig hulle aan om die messegoed tydens etenstye te tel. (5 × 2) (10)

4.4
- Ritme
- Dinamika
- Melodie
- Harmonie
- Toon
- Tekstuur
- Vorm (7)

4.5
- Plastiektafelmatjies
- Teëls
- X-straalfilms
- Houtborde
- Harde karton (5)

4.6
- Die kinders word blootgestel daaraan om saam met verskillende educarers te werk.
- Die educarer kan 'n spesialis in die studieterrein wees. (2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Onbeheersde gekrabbel
- Beheersde gekrabbel
- Benoemde gekrabbel (3)

5.1.2 Onbeheersde gekrabbel
- Dis die eerste willekeurige merke op papier met kryt wat in die handpalm vasgehou word.
- Die bewegings of merke is nie beheers nie.
- Dit kan toevallige merke op papier of in kos wees.

Beheersde gekrabbel
- Die kind besef nou die verband tussen die papier en die pen of kryt.
- Hy beweeg sy gewrig vorentoe en agtertoe en in die rondte.
- Namate hy die aksie herhaal, vul hy die papier met sirkels, ovale en spirale.

Benoemde gekrabbel
- Die kind gee nou 'n naam aan sy gekrabbel en ontdek dat sy tekening 'n simbool is.
- Hy assosieer die merke op die papier met die wêreld om hom.
- Kleur word slegs as voorkeur ingespan.

(3 × 3) (9)

5.2
- Kies iemand wat in kinders belangstel en van kinders hou.
- Voer 'n onderhoud met die persoon, by die werk of telefonies.
- Gee die gasspreker inligting oor die soort vrae wat die kinders kan vra of beveel aan wat die gasspreker moet dra.
- Maak seker dat jy die kinders op die besoek voorberei. (4 × 2) (8)

5.3 ALGEMENE INLIGTING

Ouderdom van kinders: 3 jaar
Aantal kinders: 10
Duur van die les: 15–20 minute
Tema: Enige of geen tema nie
Lessoort: Musiek-aktiwiteit
Datum: Enige datum

INLEIDING	HULPMIDDELS	DOELWIT	
'n Toepaslike bekendstellingsaktiwiteit, byvoorbeeld om 'n liedjie te sing Noem die liedjie se titel (2)	Toepaslike hulpmiddel vir die aktiwiteit (2)	Moet aan die aktiwiteit onder "Inleiding" gekoppel word om byvoorbeeld die kinders se aandag te verkry (2)	(6)
LIGGAAM	**HULPMIDDELS**	**DOELWIT**	
Enige toepaslike musiek-aktiwiteit Moet die volgende insluit: • Luisteraktiwiteit • Sang • Die gebruik van instrumente • Ritmiese beweging (6)	Toepaslike hulpmiddels vir die aktiwiteit (2)	Moet aan die aktiwiteit onder "Liggaam" gekoppel word, byvoorbeeld sosiale ontwikkeling, taalontwikkeling en emosionele ontwikkeling (4)	(10)
GEVOLGTREKKING	**HULPMIDDELS**	**DOELWIT**	
'n Toepaslike gevolg-trekkingsaktiwiteit Moet 'n kalmeringsaktiwiteit wees (2)	Toepaslike hulp-middels vir die aktiwiteit (2)	Moet aan die aktiwiteit onder 'Gevolgtrekking' gekoppel word, byvoorbeeld om die kinders te kalmeer (2)	(6)
			[50]

TOTAAL VIR AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou